

## HANTEER KAPITAALWINS IN GEVAL VAN DROOGTE

### DEUR

### DR PHILIP THEUNISSEN

---

Kapitaalwinsbelasting (KWB) is van 1 Oktober 2001 in Suid-Afrika ingestel en is van toepassing op bates wat op of na daardie datum deur 'n belastingbetaler vervreem word ongeag of dit voor hierdie datum al besit was. Alle kapitaalwinste óf -verliese wat met die vervreemding ontstaan is aan KWB onderhewig tensy dit deur spesifieke bepalings uitgesluit word. Die KWB-bepalings is in die Agtste Bylae by die Inkomstebelastingwet, 1962 vervat. Dié bylae stel 'n belasbare kapitaalwins of vasgestelde -verlies vas en artikel 26A van die Wet bepaal dat 'n belasbare kapitaalwins dan by belasbare inkomste ingesluit moet word. Dit is dus deel van die inkomstebelastingstelsel en die jaarlikse kapitaalwins of -verlies word in die inkomstebelastingopgawe verklaar. Hierdie is ter aanvang 'n belangrike beginsel want dit beteken dat die impak van 'n bate se verkoop tot 'n redelike mate wettig binne die belasbare inkomste van die belastingbetaler gemanipuleer kan word.

'n Kapitale wins of verlies is die verskil tussen die basiskoste van 'n geaffekteerde bate en die bedrag wat dit realiseer wanneer die bate verkoop word. 'Verkoop' van 'n bate ontstaan ook wanneer 'n bate geskrap, geruil, vernietig of geskenk word. Die basiskoste sluit koste in wat uit die verkryging, verbetering of afstanddoening van 'n kapitale bate ontstaan het. By die inwerkingtrede van KWB was die persentasie van die kapitale wins wat by normale belasting ingesluit moes word 25% vir natuurlike persone en 50% vir regspersone (trusts en maatskappye of beslote korporasies). Hierdie insluitingskoerse is in 2012 na onderskeidelik 33.3% en 66.6% verhoog en in 2016 weer na 40% vir natuurlike persone en 80% vir regspersone verhoog. Die insluitingskoers beteken dat 40% van die kapitale wins by individue en 80% by regspersone in die jaar van afstanddoening van 'n bate by die belasbare inkomste gevoeg moet word, na inagneming van 'n vrystelling van R40,000.00.

Uiteraard tref KWB persone met kommersiële bates erger as persone wat geen eiendom besit of eiendom besit waarvan die waarde laag is. Die waarde van plaaseiendom is baie hoog en daarom is hierdie selektiewe belasting nogal merkbaar van toepassing op boere, ongeag die ondernemingsvorm waarin daar geboer word en ongeag die omstandighede waaronder die eiendom verkoop word. Gevolglik kan daar gevalle wees waar boere as gevolg van droogte geen ander uitweg het as om die eiendom te verkoop nie wat dan 'n wesentlike verhoging in daardie belastingjaar se belasbare inkomste kan meebring. Met goeie beplanning en die korrekte keuse van ondernemingsvorm kan hierdie belasting egter beperk word sodat die effek daarvan nie katastrofiese gevolge tydens gedwonge verkope behoort te hê nie.

#### **Bepaling van kapitaalwins**

Daar moet van twee aspekte kennis geneem word by KWB. Eerstens word 'n kapitale wins slegs belas wanneer die relevante bate op welke wyse ookal van die hand gesit word. Al styg 'n bate se waarde is daar nog nie KWB betaalbaar nie solank as die bate nie vervreem word nie. Tweedens word KWB nie soos byvoorbeeld boedelbelasting afsonderlik teen 'n spesifieke koers belas nie. Die uiteindelijke totale

belasbare inkomste word teen die toepaslike inkomstebelastingkoers van die betrokke jaar belas. Omdat ondernemingsvorme teen verskillende koerse belas word, hang die uiteindelijke bedrag van die KWB dus af van die normale wins wat in daardie jaar gerealiseer het, na inagneming van enige opgehoopte verliese, en ook die koers waarteen hierdie wins, wat die kapitaalwinst dan insluit, belas gaan word.

Die meeste plase word tans nog deur individue besit maar daar word toenemend meer van maatskappye/beslote korporasies en trusts as entiteite gebruik gemaak wat die grond besit. Elkeen van hierdie ondernemingsvorme word op 'n unieke manier belas. Afhangende van hul inkomste word individue op 'n gelykskaal belas en is die koers gevolglik van 0% tot 45%. Maatskappye en beslote korporasies word teen 'n vaste koers van 28% belas terwyl trusts teen 'n vaste koers van 45% belas word.

### **Vermyn die effek**

Daar is drie maniere om die effek van kapitaalwinstbelasting teen te werk. Eerstens het die keuse van die ondernemingsvorm 'n invloed op die uiteindelijke belasting en tweedens het die kere wat die plaas van hande gaan verwissel ook 'n bepalende invloed. Dertens het die boerderywinst van die jaar waarin die plaas vervreem word ook 'n rol te speel.

Soos genoem, word KWB telkens gevorder wanneer die bate van eienaar verwissel. Wanneer die familieplaas in 'n trust gesit word, kan dit teoreties daartoe lei dat die plaas daarna nooit weer van eienaar gaan verwissel nie en is die KWB dus 'n eenmalige betaling wat nie weer tydens oordrag na volgende geslagte betaalbaar gaan wees nie. In die geval van 'n trust kan die geleibuisbeginsel ook nog gebruik word om die kapitaalwinst in die hande van die begunstigdes teen 'n laer belastingkoers as dié van die trust te hef, sou dit dan nog steeds nodig raak om die plaas noodgedwonge te verkoop. Die kapitaalwinst wat so gelei word behou sy aard maar indien die begunstigdes individue is, is slegs 40% van die wins in hulle hande belasbaar en nie 80% nie en dan ook teen die koers wat op die individu se belasbare inkomste van toepassing is en nie die 45% wat op trusts betrekking het nie. Met die geleibuis kan die kapitaalwinst egter só onder die begunstigdes versnipper word dat die effektiewe koers selfs so min as 7.2% kan beloop in plaas van 36%, soos bereken ná die insluitings van onderskeidelik 40% en 80%.

Indien die plaas in 'n individu se besit is én die woonhuis op die plaas word deur die eienaar as primêre woning gebruik, kan 'n gedeelte van die verkoopprijs tot en met R2 miljoen as primêre woning afgetrek word wanneer die kapitaalwinst bereken word. Dit geld mits die oppervlakte van die woonhuis en afgespande erf nie groter as 2 ha is nie; die huis en erf uitsluitlik as privaat woning gebruik is en laastens tesame met die plaas verkoop word. Die basiskoste moet dan in dieselfde verhouding verminder word. Gestel dus die plaas is 150 ha groot en die woonhuis met sy erf is 1 ha groot en die plaas is aanvanklik vir R1.5 miljoen aangekoop. Nou word die plaas vir R10 miljoen verkoop en die huis met sy erf word deur middel van 'n geswore waardasie teen R2 miljoen waardeer. Dan sal die verkoopprijs én die basiskoste proporsioneel met 2/10 (20%) verlaag kan word om dan daarop die kapitaalwinst te bereken. Sodoende kan die aanvanklike kapitaalwinst van die plaas van R8.5 miljoen (R10 miljoen ó R1.5 miljoen) tot R6.8 miljoen (R8 miljoen ó R1.2 miljoen) verminder word, 'n besparing van dus R1.7 miljoen.

Die effek van KWB kan ook verlaag word deur die boerderywinst tot 'n mate te manipuleer om nie so hoog te wees wanneer die plaas vervreem gaan word nie. Dit is egter nie altyd so maklik nie want

gewoonlik word die vee en los bates ook in dieselfde finansiële jaar as die plaas van die hand gesit wat meermale tot 'n abnormale verhoging in boerderywins lei eerder as wat 'n verlies geskep kan word.

Met betrekking tot die vee is daar egter 'n spesiale vergunning ten tye van droogtes naamlik dat die opbrengs uit sulke gedwonge veeverkope by die Landbank belê kan word. Sulke bedrae is dan aftrekbaar van die belasbare inkomste in die jaar wat die belegging gemaak word en word eers weer belas in die belastingjaar wanneer die belegging onttrek word. As die boer dan in die jaar van onttrekking weer vee met die geld aankoop het hy 'n uitgawe teen die belegging se geagte inkomste wat die belastingimpak uitskakel. Daar is enkele voorwaardes aan die belegging gekoppel:

- Die bedrag moet binne 90 dae na verkoop van vee by die Landbank belê word. Slegs fondse bekom uit veeverkope, mag belê word;
- Die maksimum termyn is ses jaar. Na ses jaar moet dit as belasbare inkomste verklaar word, maar die belegging mag by die Landbank bly;
- Rente word sesmaandeliks uitbetaal op die belegging maar dit mag nie gekapitaliseer word nie;
- Vir die belastingvoordeel moet die belegging ten minste vir ses maande ná die afsluiting van die belastingjaar in stand gehou word;
- Die bedrag mag nie aan derde party uitbetaal word nie of aangebied word as sekuriteit nie.

Hierdie vergunning kan 'n wesentlike verskil aan die uiteindelik koers van die kapitaalwins maak deurdat dit ten minste kan meebring dat die kapitaalwins en die veeverkope se wins in twee verskillende belastingjare belas gaan word, selfs al word daar dan nie weer vee in die jaar van onttrekking gekoop nie.

Enige welvaartbelasting, in watter vorm ookal, plaas buitengewone druk op SARS sowel as die belastingbetalers se hulpbronne terwyl die netto voordeel daarvan vir die staatskas minimaal is. Dit raak net eenvoudig moeiliker om sulke belastings te vorder terwyl die belastingbetaler net meer moeite doen om sulke belastings te vermy. Boere moet dus kennis neem dat die hoë waarde van landbougrond 'n uiters negatiewe gevolg vir hulle in terme van KWB inhou en van elke wettig beskikbare maatreël gebruik maak om die impak daarvan te verminder.